# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 08:00 EN 09:30**

## N A G M A A L

## Die grootste van die Liefde is God

**Skriflesing:**
1 Korintiërs 12:27- 13:13

**Teksvers:**
1 Korintiërs 13:13

**Sing:**
Ps 18:1
Ps 40:4
Ps 23:3
Ps 118:7
Ps 133:1, 2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Liefde is die groot gebod... Die Liefde is die grootste. Hierdie is vir niemand nuwe nuus nie. Die groot vraag is egter wat beteken liefde? In Afrikaans is daar baie verskillende woorde wat verskillende vorme van liefde verduidelik soos barmhartigheid, ontferming, medelye, vriendskap ens. Tog gebruik ons een begrip om verskillende vorme van liefde uit te druk. Dink bv. Jy is lief vir jou ouers, jy is lief vir jou kinders, jy is lief vir jou eggenoot, jy is lief vir jou stokperdjies, lief vir die natuur ens. Nie een van hierdie liefdevorme is dieselfde nie...

Ons sien vanoggend in die Nagmaal die hoogste vorm van liefde, die grootste van die liefde, is God. Amen

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Sondelose, as sondaar behandel, sodat sondaars kan lewe

**Skriflesing:**
2 Kor 4:16-5:21

**Teksvers:**
2 Kor 5:21

**HK** Sondag 15 + 16 Vr en antwe. 37,40,42

**Sing**:
Lied 190:1
Lied 190:2
Sb 17-3:1,2
Ps 116-1:1,2,3
Ps 91:1,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Die boodskap van versoening dui die grond van ons verlossing aan. Jesus Christus het ons met God versoen deur die toorn van God oor die sonde in ons plek te dra. Dit is die boodskap wat vir ons verlossing bring. Jesus se versoeningsdaad is die rede hoekom Hy vir ons betaal het sodat ons die ewige lewe kan hê.

- Jesus Christus was en is sonder sonde.
- Jesus Christus is as sondaar behandel.
- Jesus Christus is die rede hoekom ons kan lewe



# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 46 Nr 31 19 September 2021**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

## Calvyn kan nou Afrikaans ook praat...

Die meeste van ons ken die naam Johannes Calvyn. Indien iemand Calvyn aanhaal, is daar in die tradisionele gereformeerde kringe erkenning of aanvaarding van die standpunt, want, Calvyn het immers so gesê. Op 'n sekere manier is Calvinisme die enigste vorm van -isme wat nie 'n -isme is nie.

Die interessante is dat nog bitter min van Calvyn se werke in Afrikaans beskikbaar is. En dat bitter min gewone lidmate ooit in hulle lewe, self die werke van Calvyn gelees het. Die meeste predikante het dus 'n Engelse of Hollandse vertaling van Calvyn se werk. Met die gevolg dat die aanhalings wat u dus tot dusver gehoor het van Calvyn, niks anders is nie as die dominee se vertaling van die Engels of Nederlands, wat 'n vertaling is van die Latyn of Frans.

Ja, Calvyn het in Latyn geskryf, alhoewel hy 'n Fransman was. Latyn was die algemene taal van die akademie. Omtrent soos Engels vir ons vandag. Baie van Calvyn se werke is dan ook in Frans vertaal vanuit die Latyn.

Die grootste werk van Calvyn wat in Afrikaans beskikbaar is, is die bekende 4 blou bundels van die institusie wat deur wyle prof. Simpson direk uit die Latyn vertaal is vanaf 1984 tot 1992. Prof Fanus Postma het onderneem om hierdie werk voort te sit en het die eerste keer in 2008 'n kommentaar in Afrikaans die lig laat sien. Die Romeine kommentaar. Ek het die voorreg gehad om daardie bekendstelling by te woon, daar in Potchefstroom.

Twee weke gelede het ek weer die voorreg gehad om by nog 'n bekendstelling te wees na byna 13 jaar, waar 4 werke van Calvyn in Afrikaans bekend gestel by GK Wilropark. Hoewel prof. Postma nie meer met ons is nie, het hy die 4 kommentare wat oorspronklik in een bundel uitgegee is, vertaal nl. Galasiërs, Efesiërs, Filippense en Kolossense.

Dit is 'n wonderlike skat wat die besondere gawes van Calvyn soveel meer persoonlik aan ons in ons eie taal weergee. Hierdie werke is beskikbaar by ons GKSA Admin buro en is 'n wonderlike aanwins vir ons in Afrikaans en in ons geloof en vir enige huis.

Immers, nou kan Calvyn met ons ook in Afrikaans praat!

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

*Meer as oorwinnaars!*

Die volgende eredienste word uitgesaai op tye soos aangedui:

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30

Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Telefoon: 060 696 7373
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

---

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## *VERJAARSDAE*

### *BELYDENDE LIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 19-Sep | Paula | le Roux | A08 | 27824042462 |
| 20-Sep | Danie | du Toit | C10 | 27721745390 |
| | Edmund | Mc Cabe | B19 | 27795543392 |
| | Ralph | Mc Cabe | A16 | 27834073040 |
| | Nicola | Wakeford | C07 | 6637638 |
| 22-Sep | Sep | Beumer | C04 | 27822935180 |
| | Ignus | Jonker | B04 | 27832842974 |
| | Bets | Prinsloo | C15 | 27828899650 |
| | Jan | van Rooy | C04 | 27828205856 |
| | Hettie | v Schalkwyk | A14 | 27723797624 |
| 23-Sep | Mollie | Buys | B07 | 27845976228 |
| 24-Sep | Elesa | Dreyer | B09 | 27768041582 |
| | Christi | Kruger | B16 | 27824681025 |
| | Bets | Roos | B09 | 27826874885 |
| | Lourette | vd Berg | B11 | 27822692894 |

### *DOOPLIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20-Sep | DP | van der Walt | B03 | 27845499831 |
| 22-Sep | Lisa | Jooste | C06 | 27720429738 |
| | Ameliah | v Schalkwyk | B14 | 27848190026 |
| 25-Sep | Joné | Nöthling | A11 | 27761457124 |
| | Carmine | Schoulund | E01 | 27833095606 |

Die Gereformeerde Kerk Centurion nooi u hartlik uit na ons

**PSALMFEES**

kom sing saam in die kerk gebou soos regulasies dit toelaat DV

**Sondag 31 Okt 21**

**15:00 - 17:00**

of by die huis met jou groepie mense en volg aanlyn - sien gkcenturion.co.za vir die link

**TEMA: SOLI DEO GLORIA**

## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui. Tydens al ons eredienste van 12 en 19 September word die Sakrament van die Heilige Nagmaal bedien.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate gevra om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om 08:00 en 09:30 en aanddiens om 18:00. U is ook welkom om vandag die Engelse diens om 11:00 by te woon waartydens Nagmaal sal bedien. Daar is geen Nagmaal bedien word by die Engelse diens van 19 Sept. Aand eredienste is oop vir bywoning sonder uitnodigings.

Lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf deur maskers te dra en nie af te haal tydens die diens nie, en deur hande te saniteer.

| 19 Sept Nagmaal | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A01 tot A04 | A05 tot A08 |
| B01 tot B05 | B06 tot B10 |
| C01 tot C04 | C05 tot C08 |

| 26 Sept | |
|---|---|
| **08:00** | **09:30** |
| A01 tot A08 | A09 tot A16 |
| B01 tot B10 | B11 tot B19 |
| C01 tot C08 | C09 tot C15 |

### NUWE GROOTDRUK BYBELS

**Grootdruk** volledige Bybels (bekenstelling spesiale prys—slegs geldig vir die volgende 2 weke, eindig **23 Sept**) - R360 swart hardeband en R410 leeromslag.

Kontak Esme vd Berg stuur 'n Whatsapp—0833816428/epos—esmel.prins@gmail.com

## VAKANTE POS BY DIE KERKKANTOOR

Die kerkkantoor beskik oor 'n 2 dag per week, halfdagpos, vir 'n administratiewe beampte (Woensdae en Vrydae 09:00 tot 14:00).

Die verantwoordelikhede van die pos behels die volgende:
Algemene administratiewe- en instandhoudings- take. Die persoon is verantwoordelik vir die implementering en toepassing van die Popi Wet.

Die volgende vaardighede is 'n vereiste vir die pos:

- Kommunikasie.
- Interpersoonlike vaardighede.
- Organisering.
- Administrasie.
- Rekenaarvaardighede — Publisher, Excell, Powerpoint, Word.

Die aansoeker moet ook 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk Centurion wees, indien nie, bereid wees om lidmaat te word van dié gemeente.

Sluiting datum vir die indien van CV's is **23 September** 2021en kan gerig word aan Ellouis by **kantoor@gkcenturion.co.za.**

---

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!

Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings.



Daar is geen versorgings fasiliteite nie—Bepalings geld op persone ouer as 80 jaar.

Die eenheid wat beskikbaar is bestaan uit :

2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Nov 2021. Die rigprys is R830 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Lena Malan (op terrein) 083 457 7294 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 27 September 2021**



## *Ons gee om vir Mekaar*

"*...die Here sal my onder sy sorg neem.*" Ps 27:10

- Pat Cassidy sterk aan in Midstream Hospitaal (C13—082 572 7162).
- Judy Venter sterk aan na 'n prosedure (A11—082 854 6499).
- Rita vd Vyver het 'n prosedure ondergaan (B8—658 0121).
- Meelewing word betuig met Lucille Kotze en familie na die afsterwe van haar vader Johan Kotze (oud-lidmaat).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**Eljada Huis Kosvoorraadlysie:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruin lensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse. Volledige nuusbrief met behoeftes is op kennisgewingbord.
**DRINGEND** opsoek na 1L & 2L plastiese koeldrankbottels. Petro 0793775711.
Kontak Hennie vd Vyver 0844240421

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 is tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring as you want it). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Musieklesse vir oud en jonk**. Klavier, Viool, Ghitaar, Tromme, Blokfluit, Colourstrings Kindergarten, Musiek Teorie. Mariki Lessing (079 796 8563).

Elgin is finale jaar **LLB by Wits en opsoek na 'n posisie vir volgende jaar**. Ek kan van hom getuig. Carina van der Dussen 082 374 2780.

**Gesoek huis om te huur** - Centurion/Pretoria area. Vrystaande huis: 3 sk en 2mh vir spasie waar Jan sy kombuiskaste kan maak, geen swembad. Prys tussen R10- R12 000. Jan 0794554580 of Charvette Reesink 0823194172.

**The Reformed Church Tshwane** is planning a conference for parents on **16 October 2021**. The aim of the conference is to help parents think about what it means to raise children in the training and instruction of the Lord (Ephesians 6:4). This is likely to be something of interest to parents in other churches.
For more information: https://reformedchurchtshwane.co.za/parenting-Gods-way/

## Die Skep-Hoop-Fonds

Die Skep Hoop Fonds is aan die begin van Covid pandemie geskep om uitsluitlik mense in ons gemeente by te staan wat as gevolg van die pandemie finansiële nood het.

Sedert die fonds geskep is, is 'n bedrag van R614,584 ontvang waarvan R398,596 reeds uitbetaal is aan gemeentelede in nood.

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 92 77324
Theuns Louw 082 815 4275




Vrydagaand, 22 Okt om 19:00
Saterdagmiddag, 23 Okt 15:00
Prys: R250,00pp
Plek : NG Kerk Elarduspark
Duetpare is: Nadia Beukes en Willem Botha; Manuel Escorcio en Zita Pretorius; Louis Loock van Romanz en Loriska Smidt; du Preez Stoltz en Charlize Berg.
Navrae: Ds Lourens Venter 082 5292 330
Bespreking en betaling van kaartjies—kerkkantoor (Di, Do, Vry tussen 09:00-11:00)
**060 696 7373**



# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**
Ouderlinge: Gerrie Viljoen; Riaan v Schalkwyk; Tinus Nel
Diakens: Cobus Viljoen; Wico Prinsloo; Louis Dekker; André Kirsten; Hercules du Plessis; WD le Roux; Reg Horak; Allen Kenworthy; De Wet Burger; Dean Aucamp; Fred Reynecke
**Ontslag** word toegestaan op 17 Okt, tydens die aanddiens, aan:
Oudl: Jan Venter, Wally Wallace
Diakens: Marthinus Kraynauw; Matthys Lourens; Thysie Erasmus

## Attessake soos op 14 September 2021

**Met attestasie aangesluit**
Ingemari Briel vanaf GK Matlabas (B02)
Elizna Hermann vanaf GK Rooihuiskraal (B02)
Jan-Hendrik van Wyk vanaf GK Wilropark (A11)
Anneke Beumer vanaf GK Pretoria-Annlin (C04)
Jaco en Maryke Maré vanaf GK Rietvallei
**Met attestasie vertrek**
Piet en Willemien Riekert na GK Pretoria-Magalieskruin (A13)
Deon en Meryke Deetlefs na GK Hartbeespoort (A05)
**Gemeenskap beëindig**
Mauritz en Ida van der Walt na Amerika (B01)
**Argief**
Marlet Schutte (B09)

## Katkisasie

Tans gaan ons nog nie weer by die kerk Laerskool katkisasie hou nie, ons sal laat weet sodra dit moontlik is. Hoërskoolklasse is Sondae om 16:30.

Die onderwysers is egter weer gereed om te help, op Google Classroom of WhatsApp. Kontak gerus vir Pieter van der Dussen (082 416 7188/vddussenpieter@gmail.com) vir meer inligting.

Die rooster vir die res van die jaar is as volg, probeer asseblief hierby hou. Ondersteun julle kinders met die werk.

📌 19 Sep: Les 20 📌 10 Okt: Les 21

**Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser**

## SUSTERS

**DROË VRUGTE**

| | | |
|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | 500g | R45 |
| Geskilde perskes | 500g | R65 |
| Gemaalde perskes | 500g | R45 |
| Nektariens | 500g | R50 |
| Pruimedante | 500g | R50 |
| Gemengde vrugte | 500g | R50 |
| Lekkers | 500g | R40 |
| Appelringe | 250g | R40 |
| Pere | 500g | R50 |
| Vrugtevlokkies | 250g | R40 |
| Perskerolletjies | 100g | R15 |
| Peerrolletjies | 100g | R15 |

Kontak Rika Kruger 0768347774
vir besteling en afhaal by Cliftonlaan 11